

## 4 Desember

**Skrifgedeelte: Jesaja 9:1-6**

**Fokusgedeelte: Jesaja 9:1, 2**

### **Uit duisternis tot lig**

Ná die ondergang van die Noordelike Koninkryk in ballingskap, kom Jesaja nou in ons fokusgedeelte met 'n boodskap van hoop. Vir die volk wat in volslae duisternis en donkerte was, sal daar nie langer donkerte wees nie. Hulle wat niks anders as benoudheid en donkerte gesien het nie, sal weer lig sien.

Só seker is Jesaja daarvan dat hy in tipiese profetiese taal in die verlede tyd daarvan praat asof dit reeds gebeur het! Die verlossing hou verband met 'n Prins wat uit die geslag van Dawid gebore sal word. As Vredevoers sal Hy regeer en vir altyd deur reg en geregtigheid ware vrede en voorspoed bring. Die volk sal weer vreugde vind in God se teenwoordigheid soos mense bly is in die oestyd, soos soldate juig wanneer hulle die buit verdeel (9:2).

Só 'n blydskap het ook oor ons gekom. Jesaja se belofte van vrede, voorspoed en groot vreugde is met Jesus se geboorte in Betlehem vervul: "Vir ons is 'n Seun gebore, aan ons is 'n Seun gegee: Hy sal heers, en Hy sal genoem word: Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevoers" (9:5). Deur volkome versoening te doen van al ons sondes, het Hy vir ons ware vrede tussen God en mens bewerk.

Vroeër was ons die ene duisternis, maar God het ons uit die mag van die duisternis weggeruk. In ons harte het Hy 'n lig laat skyn om ons te verlig met die kennis wat van Christus Jesus uitstraal (2 Kor 4:6): "'n Lig het opgegaan, 'n helder stralebaan skiet deur die donker wolke. Dit is Immanuel, die Vors van Israel, die Lig van alle volke" (Sb 3:2).

Nou in die Here is ons self lig. Leef dan as mense van die lig (Ef 5:8) sodat julle 'n lig kan wees vir dié wat in duisternis is (Rom 2:19). Leef só met blydskap in die hart die toekoms tegemoet, verheug in God oor jou verlossing!

*Sing: Skrifbelyning 3:2*

*Dr DR Fouché (Emeritus)*